Wes-Kaapse Regering

Onderwys

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
VRAESTEL 2

SEPTEMBER 2017

MEMORANDUM

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye

AFDELING A : ROMAN

VRAAG 1 *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

1.1. By die houtwerf. (1)

1.2. Charles Dickens. (1)

1.3. Gedurende die twee jaar wat Saul **vir MacDonald sonder betaling moes werk** (1)

1.4.1. Onwaar (1)

1.4.2. Saul wou nie meer 'n houtkapper wees wat 'n pad loop wat nêrens heen lei nie./
Saul wou nie deel hê aan die uitroei van die bos nie. /
Die boswaens het vir Saul 'n doodlooppad gesimboliseer. /
Saul wou wegkom van die houtkopers se uitbuiting van die houtkappers /
Saul aanvaar nie die slegte behandeling nie.
(Enige EEN of soortgelyk*)* (1)

1.5. Saul wou nie aanvaar dat sy pa geen keuse gehad het toe MacDonald hom die stinkhout teen 'n lae prys laat aflaai het nie
Wat pla vir Saul:
- goodfors
- Sy pa wat kruip voor houtkopers / hy bly stil
- skuld word nie minder nie

Saul het kwaad geword toe Jozef voorgestel het hulle moet olifante skiet om geld te maak.
Saul het gesê hy loop nie meer 'n pad wat nêrens heen lei nie (3)

1.6. D / Arend dood was en Saul geglo het dit was MacDonald se skuld. (1)

1.7.1. C / Groot Eiland (1)

1.7.2. D / Diepwalle (1)

1.7.3. B / Krisjan-se-Nek (1)

1.7.4. A /Meulbosstroom (1)

1.8. Die houtkappers was bygelowig./
Die houtkappers het geglo jy roep die dood aan as jy die woord gebruik (1)
(Enige EEN of soortgelyk*)*

1.9. Patterson / Die man wat MacDonald saam met Saul Bos toe gestuur het om te kyk of daar goud in die Bos was.
(Enige EEN) (1)

1.10. Patterson moes gaan kyk of daar goud in die Bos was (1)

1.11. Jozef het Saul beskuldig dat hy hulle by die goewerment gaan verkla het omdat hulle olifante geskiet het./
Jozef het Saul blameer dat hulle pa hof toe moes gaan en ŉ os verloor het omdat hulle olifante geskiet het. (Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.12. Hulle het in die Bos gaan stap - na die waterval toe. Dit het begin reën. (1)

1.13. Kate het skoolgehou in die Bos en sy het Saul agtervolg om te sien waar hy woon. (1)

1.14.1. Kate wou nie hê dat hulle kwaaivriende uitmekaar gaan nie.
Sy het hom liefgehad en wou hom nie verloor nie (Enige EEN). (1)

1.14.2. Hy wou bewys dat (nie) alle houtkappers en hulle kinders vuil en wild is nie. /
Hy wou bewys dat houtkappers en hulle kinders ook iets in die lewe kon bereik. (1)
(Enige EEN)

1.15. B Saul het gehoor dat die delwers in die Bos mag aanbly.
A Kate het vir Saul agtervolg.
C Saul het besluit om die Bos te verlaat. (3)

1.16. twee dae / 2 dae (1)

1.17. Sy meubels (stoel, tafel, bed, geelhoutklerekas).
Patterson se pan gesien.
Sy boekrak met drie boeke (David Copperfield, Bybel, Stars of the South)
Sy gordyne. (Enige EEN) (1)

1.18.1. sleeppad (1)
1.18.2. gekwes (1)
1.18.3. vyfde (1)
1.18.4. oorleef (1)

1.19.1. Onwaar (1)

1.19.2. MacDonald het geglo dat Saul Patterson se goudpan gesteel het. /
MacDonald het gehoor dat Saul en Kate agter die skuur ontmoet het./
Hy het geglo sy familie is beter as houtkappers. Kate mag nie met hulle meng nie. (Enige EEN) (1)

1.20. Saul was bekommerd oor die Bos. Sy verhoudinge het gely onder sy obsessie om die Bos te bewaar. (2)

1.21. Eie mening. Iets soos: Saul was nie ‘n man wat opgegee het nie. Hy het altyd met ‘n ander plan vorendag gekom sodra die deure lyk asof dit vir hom gesluit was. (1)

[35]

OF

VRAAG 2 *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

2.1.1. 2.1.2. 2.1.3. 2.1.4.	E Botterberg B Margo C Gavin A Hanna	**4**
2.2.	Hanna wil eerder lees./ Sy is nie lus vir haar gesin of broers nie./ Sy wil haarself besig hou met intellektuele aktiwiteite./ Sy verstaan nie hoekom hulle op die berg moet wees nie en dink dit was 'n simpel idee van die begin af. **(Enige EEN)**	**1**
2.3.	Hulle kon mekaar beter leer ken / tyd saam deurbring deur saam te gaan stap of speletjies te speel/ moes nou met mekaar kommunikeer. **(Enige EEN)**	**1**
2.4.	Sy voel dat hy nog nooit deel van haar lewe was nie / Sy verstaan nie waarom hy nou wil opdaag vir haar verjaardag nie./ Hy gee nooit vir haar geskenke waarvan sy hou nie./ Sy dink nie haar verjaardag gaan 'n fees wees nie./ Sy is bang dat hy haar in die verleentheid gaan stel. **(Enige EEN)**	**1**
2.5.	Hanna voel dat Sharon mooier as sy is / Sharon trek beter aan as sy **(Enige EEN)**	**1**
2.6.	• Hulle het op die eerste dag van hoërskool langs mekaar beland./ • Hanna het 'n aanmerking oor 'n onderwyser gemaak en Sharon het gelag./ • Hulle het besluit hulle hou van mekaar **(Enige Twee feite)**	**2**
2.7.	• Sharon het minder aandag aan Hanna gegee / minder tyd saam met haar deurbring) • Sy was meer saam met Yann **(Noem TWEE)**	**2**
2.8.	Sharon se ouers het die gesin op die berg **met 'n helikopter** gered	**1**
2.9.	B fantastiese tande het	**1**
2.10.1.	• Margot is Yann en Amos se biologiese ma / Beyers se eksvrou • Sy het 'n rol in 'n TV-reeks losgeslaan wat in Johannesburg verfilm word en daarom is sy in Suid-Afrika./ • Sy het gedink sy kan haar kinders sien voor sy met die verfilming begin. **(Enige TWEE feite)**	**2**
2.10.2.	Hanna sien haar gelaatstrekke / Sy besef dat sy nie so lelik is soos wat sy dink nie. **(Enige EEN)**	**1**

2.11.	**Voorkoms**= Fabienne is mooier / Fabienne het beter tande / **Huislike omstandighede**= Fabienne se lewe is makliker / Fabienne se gesin is eenvoudiger / **Persoonlikheid**= Fabienne is ryker / Fabienne vra nie baie vrae nie	**3**
2.12.	Fabienne is eksoties, Hanna nie -dis haar geaardheid	**1**
2.13.	• Hanna vra baie vrae en haar bynaam is dus “Hanna Hoekom” / • As sy Fabienne was, sou sy nie minder vrae gevra het nie, want haar nuuskierigheid en die feit dat sy dinge bevraagteken, kom vanweë die feit dat sy ‘n tiener is. Dit het niks met haar naam te doen nie. **(Ironie -2 of 0. Noem albei sake)**	**2**
2.14.	• **Hanna** trek vaal lospassende klere aan, want sy wil nie uitstaan nie. / • **Mana** trek eienaardige klere aan / dra hoede omdat sy kunstig is. • **Margot** trek styfpassende klere / helder kleure aan omdat sy trots is op haar liggaam**.(Een ding van elke karakter)**	**3**
2.15.1.	Aan die einde van die verhaal het Hanna nie meer ‘n ernstige begeerte om Fabiene se lewe te hê nie.	**1**
2.15.2.	Hanna aanvaar wie sy is / waardeer haar gesin. / Dit pas by die tema van selfaanvaarding **(Enige EEN)**	**1**
2.16.	Om die omstandighede van haar geboorte te onthou / Dit het baie gereën **(Enige EEN)**	**1**
2.17.	B ‘n suksesvolle loopbaan gehad het	**1**
2.18.	Eerstepersoonsverteller	**1**
2.19.	• Die leser kry ‘n beter insig in die verteller se emosies. • Die leser word deel van die verhaalgebeure	**2**
2.20.	Ja of Nee./Eie mening./Iets soos: • Ja.Haar lewe is beslis ‘n avontuur omdat sy so ‘n unieke gesin het OF • Nee. Die titel prikkel nie die belangstelling van potensiële lesers nie	**1**
2.21.	Ja of Nee./ Eie mening./Iets soos : • Ja. Baie gesinne is vandag gebroke en dit skep probleme in die lewe van tieners. OF • Nee. Haar gesin is maar soos die van enige uitgebreide gesin / Nie almal lewe in ‘n storieboekwêreld nie.	**1**
		35

OF

VRAAG 3 *MEEULANDERS* – Esta Steyn

3.1.	Sy moet oor haar toekomsbesluit / Sy moet besluit of sy by die Instituut wou werk of weggaan/ Besluit oor ’n nuwe begin / Haar lewe verander (Enige TWEE)	**2**
3.2.	3.2.1 Vincent 3.2.2 geskiet 3.2.3 anker 3.2.4 Schalk	**4**
3.3.	Sy was ’n kunsjuffrou / kunsonderwyseres (Enige EEN)	**1**
3.4.1.	Op Meeuland / Guano-eiland (Enige EEN)	**1**
3.4.2.	Sy het navorsing gedoen / Sy het ’n boek (oor kusvoëls) geskryf / Sy het die voëls geteken / (Enige EEN)	**1**
3.5.	Camilla Calvin	**1**
3.6.	B / die voëlvrou.	**1**
3.7.	• Vir Schalk. • Sheila is verlam in die ongeluk wat Schalk gemaak het (toe hy dronk was.	**2**
3.8.	My saak is my saak. / Dit is my saak. (Enige EEN)	**1**
3.9.	Ja, hy was onbetroubaar: • Terwyl hy met Sheila, by wie hy twee kinders het, getroud was, was hy ontrou aan haar. / • Hy het ’n kind by Veronica (Kinnie) verwek/gehad./ • Na Sheila se selfmoord, het hy skelm vir Elsabet ontmoet wat nog met Jacob getroud was. /	**3**

	• Terwyl Fred met Elsabet getroud was, het hy 'n verhouding met Jackie gehad. Hy het haar gereeld in die Kaap ontmoet. / • Hy het gekonkel met die verkiesing. (Enige DRIE voorbeelde) .	
3.10.1. **3.10.2.**	Onwaar Schalk was met onwettige dinge besig	**1** **1**
3.11.	C / Veronica het Fred se huis besoek. A / Sheila het selfmoord gepleeg. B / Skalla het vir Fred afgepers.	**3**
3.12.	A / die Meeulanders baie aan die verlede teruggedink het.	**1**
3.13.1. **3.13.2** **3.13.3.** **3.13.4.**	D / Fred C / Schalk E / Jacob B / Matthys	**4**
3.14.	Sy was swanger Dis Fred se kind.	**2**
3.15.1. **3.15.2.** **.**	tronk die *Meeuw*	**1** **1**
3.16.	Sy het meeue geteken	**1**
3.17.	In die ses jaar dat Ryna aan die Weskus was / het sy haar hartseer verwerk / vir Jacob liefgekry. / Tyd het haar pyn geheel. / Sy was lief vir Jacob / sy was bereid om vir hom te wag totdat hy sy tronkstraf uitgedien het. (Enige DRIE)	**3**
		35

TOTAAL AFDELING A: 35

OF

VRAAG 4 LIEN SE LANKSTAANSKOENE – *Derick van der Walt*

4.1.1.	Lien het die drank geruik.	**1**
4.1.2.	Sy werk nie meer by die Departement van Binnelandse Sake nie./ Sy vier die feit dat sy nie meer werk nie **(Enige EEN)**	**1**
4.2.	B – verlief is.	**1**
4.3.	Die wyn.	**1**
4.4.	Lien se pa is in die tronk / Haar pa het trustgeld by die prokureursfirma waar hy gewerk het, misbruik./ Hulle het alles verloor / Lien se ma het gedrink / Lien se ma het nie gewerk nie **(Enige TWEE)**	**2**
4.5.1.	WAAR	
4.5.2.	Tannie Bets/ Donovan/ Dirkie het gehelp. **(Enige TWEE)**	**2**
4.6.	JA Lien het beslis meer van Maria begin hou omdat sy ontvlug uit haar omstandighede./ Sy wonder ook soos Maria oor dinge **(Enige EEN of soortgelyk)**	**1**
4.7.	Dit is die man wat Miemie rondry.	**1**
4.8.	Haar ma het in P&P wyn gesteel.	**1**
4.9.	Hulle het gesê dat hulle op hul eie sou regkom/ Lien het genoeg geld om die huur te betaal en kos te koop **(Enige EEN)**	**1**
4.10.	Lien moes die ma van die huis wees / kos maak / klere was / geld inbring / toesien dat Braam studeer **(Enige EEN)**	**1**
4.11.	" 'n glasie klink "	**1**
4.12.	Sy het gedrink by die werk / Sy is te veel afwesig van die werk **(Enige EEN of soortgelyk)**	**1**
4.13.1.	Konnotatief (*Hierdie twee vrae is nie interafhanklik nie*)	**1**
4.13.2.	Sy is baie verbaas / Sy is geskok / Sy kan dit nie glo nie **(Enige EEN)**	**1**

4.14.	Dominee Gerhard	**1**
4.15.	Hy het haar een oggend / terwyl sy by die skool moes wees / in die straat herken terwyl sy gebedel het.	**1**
4.16.	Kuifie	**1**
4.17.	Hy is heeltemal te jonk / Hy het nie die ervaring om sulke probleme te hanteer nie. **(Enige EEN)**	**1**
4.18.	Die kerk het geld vir liefdadigheid / Kan mense help as hulle deur moeilike tye gaan. **(Enige EEN)**	**1**
4.19.1.	ONWAAR	**1**
4.19.2.	Sy wou dit sê maar kon nie want sy is lief vir hom./ Sy het vir hom droëwors, wat sy gunsteling is, gevat / Sy het hom so jammer gekry omdat die lag uit sy oë is **(Enige TWEE**)	**2**
4.20.	C - musiekjuffrou	**1**
4.21.	Tibbey	**1**
4.22.	Eie mening. Ja. Sy het 'n **karretjie** vir hom gekry/ dit **maak dit makliker om te bedel** Of Nee. Die **karretjie is nie prakties** om tussen motors op straat **te bedel** nie .	**2**
4.23.1.	D / Die persoon gee voor dat hy blind is.	**1**
4.23.2.	E / Haar man het met 'n veel jonger vrou weggeloop.	**1**
4.23.3.	B / Die man is gesteld op sy gewig.	**1**
4.23.4.	C / Sy en Miemie het die rekwesietekamer reggepak.	**1**
4.23.5.	A / Lien verwys na haar besigheid as "*The garden of Evil*"	**1**
4.24.	Eie mening Iets soos: Ek sou die kerk gevra het om ons te help EN Ek sou haar liefde gegee het **(NOEM 2 dinge)**	**2**
		35

OF

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: *POPPIE* – Elsa Joubert & Sandra Kotzé

5.1. klere /
kombuisgoed (ketels) /
beddegoed (komberse en lakens) /
kitchendresser /
tafel (Enige DRIE) (3)

5.2.1. Onwaar (1)

5.2.2. Stone en sy mense het teruggegaan na hulle huis toe (1)

5.3. Poppie moes na die man (Stone) se mense kyk./
Poppie moes inspring as die skoonmense iets oorkom./
Poppie moes nie die familie uitmekaar dryf nie. (Enige EEN) (1)

5.4.1. Bhuti-ka-nombi (1)

5.4.2. uit respek (1)

5.5.1. eenkamerhuis (1)

5.5.2. tweekamerhuis (1)

5.6. C Poppie se kind het aan kinkhoes gesterf.

A Poppie het Kaap toe gegaan waar haar ma en broers was.

B Stone het kontrakwerk by die melkery gekry. (3)

5.7. drie maande (1)

5.8.1. E Poppie se heel eerste werk in die Kaap. (1)

5.8.2. C Poppie het teen agt pond per maand by haar gewerk. (1)

5.8.3. B Haar man se invloed het gehelp om vir Poppie ’n pas te kry. (1)

5.8.4. A Sy het vir Poppie gehelp om in Bellville werk te kry. (1)

5.9. Die gehoor (1)

5.10. In Mama se huis (1)

5.11. Sy kwalifiseer nie om in die Kaap te bly nie /
Sy is getroud met ‘n man wat uit die Ciskei kom en moet Ciskei toe gaan. (2)

5.12. Sy het drie kinders tuis
Haar man was siek (2)

5.13. Mama (1)

5.14. Katie moenie meer skool toe gaan nie en moet Poppie se kinders oppas sodat Poppie kan gaan werk. (2)

5.15. Apartheidswetgewing (1)

5.16. C Wanhopig (1)

5.17. A. (1)

5.18. Waar. Sy noem vir Stone Tata ka Bonsile na die seun gebore is. (2)

5.19. Die drama speel af in die apartheidsjare.Dit pas dus in by die tydvak. (1)

5.20. Eie mening hoe Poppie haar probleme kon hanteer het (2)

[35]

OF

VRAAG 6 *PALJAS – Chris Barnard*

6.1.	eksposisie.	**1**
6.2.	Bertie	**1**
6.3.	Hendrik het gesê hulle moet trap, maar hulle het gemaak of hulle hom nie hoor nie / Die nar het met Willem gepraat, maar Willem het nie dadelik gereageer nie. **(Enige EEN)**	**1**
6.4.	Die uitgestrektheid en onherbergsaamheid van die Karoo simboliseer eensaamheid / alleenheid / isolasie	**1**
6.5.	Die nar se **gesig** was ingekleur sodat dit gelyk het asof hy lag. / Hy het `n vrolike bont **narrepak** aangehad. / Hy het die "mondering" gedra om **vrolikheid en pret** voor te stel. (D*rie aspekte moet aangeraak word)*	**3**
6.6.1.	Hy het `n prentjie geteken.	**1**
6.6.2.	Manuel het hom aanvaar soos hy is. / Hy het gedink hy sou sy gesin weer kon laat lag./ Hy wou soos Manuel wees./ Om te wys dat hulle vriende is. **(Enige EEN of soortgelyke antwoord)**	**1**
6.7.	Willem het meer <u>selfvertroue</u> gekry hoe verder hy geloop het.	**1**
6.8.1.	skuur	**1**
6.8.2.	toertjies	**1**
6.8.3.	selfvertroue	**1**
6.8.4.	kos	**1**
6.9.1.	Hendrik wou Willem dwing om te praat / Hendrik was ongeduldig met Willem / raas met hom **(Enige EEN)**	**1**
6.9.2.	Manuel het speletjies met hom gespeel / Manuel het Willem laat lag / Hy het met Willem gesels / Manuel het bemoedigend teenoor Willem opgetree **(Enige EEN)** .	**1**
6.10.1.	Willem moes kies om gelukkig te wees/ Willem moes op die goeie dinge in die lewe fokus/ Willem moes die positiewe dinge in die lewe raaksien. **(Enige EEN)**	**1**

6.10.2.	Manuel was `n positiewe persoon / Manuel se lewenservaring het hom begrip / empatie / deernis geleer Hy verstaan mense het 'n behoefte aan kommunikasie **(Enige EEN of soortgelyk)**	**1**
6.11.	D	**1**
6.12.1.	Waar	**1**
6.12.2.	"Dis die ou wat daardie McDonald - kind so teken".	**1**
6.13.1.	Die dominee het die ouderling gevra om die nar uit die kerk te verwyder	**1**
6.13.2.	Uiterlike	**1**
6.14.1.	Metafoor	**1**
6.14.2.	Ja of Nee met gepaste verduideliking. Iets soos: Ja. **Kraaie** is swart en vreet vleis en **die ouderlinge** is ook geklee in swart en knou vir Manuel af / Kraaie vreet kuikens wat weerloos en onskuldig is en Manuel is ook weerloos / onskuldig en het niks verkeerd gedoen nie OF Nee. Kraaie pas nie in 'n kerk nie	**2**
6.15.1.	C	**1**
6.15.2.	D	**1**
6.15.3.	B	**1**
6.15.4.	A	**1**
6.16.	Klimaks .	**1**
6.17.	Emma het weer klavier gespeel / Emma het nie meer vir Nollie weggehardloop nie./ Emma was bereid om oor hul probleme te praat. **(Enige TWEE)**	**2**
6.18.	Mense moet kommunikeer met mekaar/ Mense moet leef en mekaar laat lewe/ Mense moet mekaar vergewe/ Hulle moenie na skinderstories luister nie / Mense wat anders is, is nie noodwendig sleg nie Aanvaar mense wat anders as jy is. **(Enige TWEE . Aanvaar ook ander moontlikhede)**	**2**
		35

OF

VRAAG 7 FIELA SE KIND – Dalene Mathee

7.1.1.	Fiela (Komoetie)	**1**
7.1.2.	Lukas was in die Bos	**1**
7.2.	Barta (van Rooyen)	**1**
7.3	Dit is ironies omdat die Komoeties (bruinmense) vir hom meer gedoen het (geleer lees/skryf en het geld gemaak) as wat die Van Rooyens (witmense) kon doen (arm, ongeletterd). **(2 of 0 Noem albei sake)**	**2**
7.4.	Gevoelloos	**1**
7.5.	Dawid	**1**
7.6.1.	• Fiela: hardkoppig / selfversekerd/ ekstrovert • Barta: onderdanig /skaam/ introvert /teruggetrokke /skugter **(Noem 1 eienskap van elke karakter)**	**2**
7.6.2.	"dasvelkombers"	**1**
7.7.1.	Uiterlike	**1**
7.7.2.	Hy wil vlug / weghardloop terug na die Langekloof toe / Hy ervaar 'n identiteitskrisis (Is hy Benjamin of Lukas?)	**1**
7.8.	• Hy ruk die kombers van Nina af / • Hy wil verby Elias stap/ • Hy skree • Hy soebat **(Enige TWEE)**	**2**
7.9.1.	In Knysna	**1**
7.9.2.	Fiela sê dat Barta die enigste persoon is wat die waarheid ken / Bloed sal bloed keer./ Gaan vra vir Bartha	**1**
7.9.3.	Eie mening oor watter raad die leerder aan Lukas sou gee. Iets soos: Hy moes dadelik probeer uitvind of Nina sy suster is of nie/ Doen navraag oor sy eie herkoms/ Probeer uitvind wie sy ouers is.	**1**
7.10.	Barta het vir Lukas tussen vyf ander seuns uitgeken./ Hulle was dieselfde ouderdom toe die een verdwyn het en die ander op Fiela se stoep beland het **(Enige EEN)**	**1**
7.11.1.	Fiela het dit vir hom gegee om in die hof te dra /	**1**

	Dit is ’n nuwe hemp. **(Enige EEN)**	
7.11.2.	Geld / Nuwe skoene / Dawid se baadjie **(Enige EEN)**	**1**
7.11.3.	Die Here (God) het hom aan Fiela toebetrou	**1**
7.11.4.	Baas	**1**
7.11.5.	’n Witmens noem nie ’n ander witmens “baas” nie / Dit bewys hulle siening dat ’n witkind nie by ’n bruin familie hoort nie, omdat hulle vir Benjamin “verkeerde woorde” leer. **(Enige EEN of soortgelyk)**	**1**
7.12.1.	Twee sensusmanne (Lange en Dikke) het dit ontdek.	**1**
7.12.2.	Dit was onwettig dat ’n witkind by ’n bruin familie woon. / Hulle wou die saak van die verlore Van Rooyen-kind oplos. **(Enige EEN)**	**1**
7.13.	Gewete	**1**
7.14.1.	“Ek is niemand.”	**1**
7.14.2.	Toe die magistraat vir hom sê dat sy “regte” naam Lukas van Rooyen is.	**1**
7.15.1.	Knysna	**1**
7.16.	Leerder se eie respons. Byvoorbeeld: Ja = Ek het gedink sy sou altyd die geheim hou, want sy hou dit al so lank. Nee = Ek het geweet dat dit uiteindelik sou uitkom, want die waarheid seëvier altyd.	**1**
7.17.1.	E. Selling	**1**
7.17.2.	A. Fiela	**1**
7.17.3.	C. Elias	**1**
7.17.4.	B. Benjamin / Lukas	**1**
7.18.	C. Klimaks	**1**
		35

TOTAAL AFDELING B: 35

OF

AFDELING C KORTVERHALE: SPIEËLBEELDE

8.1.	B reisverhaal	**1**
8.2.	Kontras tussen wit mense en swart mense. Hulle leef verby mekaar (**of soortgelyk)**	**1**
8.3.	eerstepersoonsverteller	**1**
8.4.	Streekstaal	**1**
8.5.	Om die bed hoër te lig dat die tokolossie hom nie kan pla as hy slaap nie	**1**
8.6.	• Skrywer kom saam met Johannes na sy huis toe • Hy laai 'n rol ogiesdraad af. **(Noem TWEE gebeure direk na mekaar)**	**2**
8.7.	Hy het sy huis self met groot moeite gebou	**1**
8.8.	Aan sy broer wat dood is / `n bouval naby Rietspruit / sy broer wat `n huis wou bou / sy broer se begrafnis. **(Enige EEN)**	**1**
8.9.	Die sertifikaat teen die muur met die ander naam laat besef die verteller dat hy nie werklik vir Johannes ken nie. **(Of soortgelyk.)**	**1**
8.10.1.	Personifikasie **of** metafoor	**1**
8.10.2	Personifikasie:Die plate en materiaal waarmee sy huis gebou is, is persoonlik en lewend vir hom. Dis deel van hom. **(Of soortgelyk.)** **Of** Metafoor: Hulle het al uitstekende diens gelewer **(Of soortgelyk.)**	**1**
8.11.	"Toe Ventersdorp nog `n stasiemeester gehad het"	**1**
8.12.	Dit wat vir die een mens **weggooigoed** is, is **kosbaar** vir `n ander mens./	**2**
8.13.	Makosi	**1**
8.14.	• Die **aanspreekvorm** is vir gerespekteerde mense in die gemeenskap • Die **implikasie** is dat wit mense met respek behandel moet word al is hulle jonger as jy.	**2**
8.15.1. **8.15.2.** **8.15.3.**	B / Oom Dries A / Oom Thys C / Jantjie	**3**

8.16.	n grys bondeltjie / trietsige vaal lyfie / vreesagtig /bang/ swrt ogies/ deurskyn oortjies/ senuagtige pootjies **(Enige EEN)**	**1**
8.17.	Kwaad	**1**
8.18.	Oom Dries maak vir hom 'n swaai / hy laat hom voor die Aga-stoof slaap **(Enige EEN)**	**1**
8.19.	"vreesagtig"	**1**
8.20.	Saai verwoesting in die boord / Gooi teiken met hoenders se eiers / Byt die plaaskatte dood / Byt vir Abraham aan die been / Gooi vir Sofie met sy kosbak teen die rug **(Enige EEN)**	**1**
8.21.	Oom Dries het hom baie lief / Hy het hom lief soos vir sy eie kind **(Enige EEN)**	**1**
8.22.	• Jantjie het 'n ondergrondse **waterpyp stukkend gebyt** • **Hy byt oom Dries** toe hy hom probeer wegkry.	**2**
8.23.	Oom Thys vertel vir oom Dries dat hy elke nou en dan vir Jantjie gewaar.	**1**
8.24.	Hy wil Jantjie se **karkas in die sak** sit en dit dan met die graaf onder die boom op Driefontein **begrawe**./ In die sak sit en begrawe in die sak **(Enige EEN)**	**1**
8.25.	Hy het gedink dit is Jantjie se spook / 'n boosdoener. **(Enige EEN of soortgelyk)**	**1**
8.26.	brandwag.	**1**
8.27.	Metafoor	**1**
8.28.	Ja of Nee met eie mening./ Iets soos: Ja. Die bobbejaan sou die skape verskeur Of Nee. Die mens moet die natuur ten alle koste bewaar.	**1**
		35

TOTAAL AFDELING C: 35

OF

AFDELING D: VRAAG 9 GEDIGTE : VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL

9.1.	Sonnet	**1**
9.2.	Gedig is universeel. /Dit kan enige kat wees **(Enige EEN)**	**1**
9.3.	Strek/ buig/ rol / lek / lê **(Enige TWEE)**	**2**
9.4.	Behaaglik	**1**
9.5.	Sodat die son op haar keel, bors en buik / haar kan bak.	**1**
9.6.	"Ons noem haar "kat" en "sy is sonder siel / anoniem." **(Enige EEN)**	**1**
9.7.	reptiel	**1**
9.8.1.	die **vorm** van die kat se oë	**1**
9.8.2.	die **kleur** van die kat se oë	**1**
9.9.	Die kyk in die kat se oë is koud, soos die van 'n reptiel. / sy hou nie van aanraking deur haar eienaar nie **(Enige EEN)**	**1**
9.10.	pessimisties	**1**
9.11.	Sy kan nie kleintjies kry nie	**1**
9.12.	Ekstase **en** angs	**2**
9.13.	**Die mens** is selfsugtig en ontneem **diere** van die genot van die lewe / Dit is dit die mens se skuld dat die kat koud en selfsugtig is aangesien sy nooit die kans gegun is om te ervaar wat dit is om 'n moeder te wees nie **(Enige EEN of soortgelyk)**	**2**
9.14.	Die weerloosheid van die mens / huis teen die storm /natuur word so beklemtoon **(Enige EEN)**	**1**
9.15.	D/Koeplet	**1**
9.16.	Omarmde rym	**1**
9.17.	"aaneen"	**1**
9.18.1.	Personifikasie	

9.18.2. **9.18.3.** **9.18.4.**	Vergelyking Onomatopee Alliterasie	**4**
9.19.	Rus	**1**
9.20.	**<u>Buite</u>** **<u>Binne</u>** Nat dig/droog Koud/golwe warm Donker Lig/kersie Wind vuurtjie **(Noem EEN saak BUITE en EEN saak BINNE)**	**2**
9.21.	Hy daag / tart die natuur /storm uit om teen sy huis te woed. / Hy is nie bang nie, want hy weet sy huis sal nie verbrokkel nie.	**1**
9.22.	Dis op ‘n rots gebou.	**1**
9.23.	Beklemtoon die sterk storm / winde	**1**
9.24.	Gehoorsintuig / tassintuig (voel) / sig (sien) **(Enige TWEE)**	**2**
9.25.	"K<u>o</u>m nag, k<u>o</u>m weer en wind, k<u>o</u>m <u>o</u>seaan- Dit is die r<u>o</u>ts"	**1**
9.28.	Enjambement / herhaling **(Enige EEN)**	**1**
		[35]

TOTAAL AFDELING D: 35

GROOTTOTAAL: 70